# SÊ JOU SÊ!
# VERKEERSMATIGINGSMAATREËLS: NOORDELIKE STREEK

Die Stad Kaapstad se direktoraat stedelike mobiliteit stel die publiek in die sentrale streek hiermee in kennis van verkeersmatigingsmaatreëls in die onderstaande gebiede. Hierdie werk sal voetgangerveiligheid verbeter, veral by skole waar die hoogste konsentrasie weerlose padgebruikers gewoonlik aangetref word. Die statutêre openbarekommentaarproses is ʼn belangrike deel hiervan. Alhoewel die Stad van voorneme is om verkeersmatigingsmaatreëls by al die plekke in die onderstaande skakel in te stel, sal dit aan die beskikbaarheid van fondse onderworpe wees.

**Belanghebbende en geraakte partye kan die ontwerpe en die lys van die betrokke strate en paaie op www.capetown.gov.za/haveyoursay.**

**Betrokke gebiede:**
- Kraaifontein
- Boston
- Parow
- Oakdale
- Northpine
- Bonteheuwel
- Bellville
- Ravensmead
- Adriaanse
- Greenville
- Delft
- Bishop Lavis
- Edgemead
- Vredelust
- Valhalla Park

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belangstellende partye of groepe die geleentheid gebied om van Donderdag 2 November tot Saterdag 2 Desember 2023 kommentaar, aanbevelings of insette by die munisipaliteit in te dien.

**Kommentaar, aanbevelings of insette kan soos volg ingedien word (meld verwysing 110232410):**
**E-pos:** UrbanMobility.CT@capetown.gov.za
**Aanlyn:** www.capetown.gov.za/haveyoursay of skandeer die QR-kode
**Skriftelike voorlegging:** Eenheid vir openbare deelname, 3de verdieping, Podiumblok, Burgersentrum, Hertzog-boulevard 12, Kaapstad 8001
**Subrade:**
**Subraad 2 -** Munisipale kantore, Brightonweg 87, Kraaifontein
**Subraad 3 –** Milnerton- munisipale gebou, Eerste Vloer, Royal Ascot, Bridleweg, Milnerton
**Subraad 4 –** Munisipale kantore, h.v. Voortrekkerweg en Tallentstraat, Parow
**Subraad 5 -** Munisipale kantore, h.v. Jakkalsvleilaan en Kiaatweg, Bonteheuwel
**Subraad 6 -** Munisipale kantore, Voortrekkerweg, Bellville
**Subraad 7 -** Munisipale kantore, Oxfordstraat, Durbanville
**Subraad 15 –** Pinelands-opleidingsentrum, Central Square, St Stephensweg, Pinelands
**Biblioteke:**
- Brightonweg, Kraaifontein
- Carl van Aswegestraat, Bellville
- Lavisrylaan, Bishop Lavis
- Bonteheuwel-dorpsentrum, Bluegumstraat, Bonteheuwel
- H,v. Delft- en Voorbrugweg, Delft
- Edgemeadlaan, Edgemead
- H.v. McIntyrestraat en 1ste Laan, Parow
- Angelastraat, Valhalla Park
- Adriaanselaan, Elsiesrivier
- H.v. Dullah Omar- en Peter Mokabastraat, Fisantekraal

Spesiale bystand sal verleen word aan mense wat nie kan lees of skryf nie, mense met gestremdhede en benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, om hulle insette of kommentaar aan te teken en by die munisipaliteit in te dien. Indien jy enige vrae het oor hoe om jou kommentaar in te dien, kontak asseblief die eenheid vir openbare deelname se Anathi Dywili by 021 400 9825 of LeanetteAnathi.Dywili@capetown.gov.za.

**For more information, contact the City of Cape Town's call centre on 0860 103 089 or follow @CityofCTAlerts on X (Twitter).**

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
CTA131C/2023

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.